

30 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 38:6-41:18

Fokusgedeelte: Jeremia 38:6-13

Dood en doderyk

Ebed-Meleg beteken “dienskneg van die koning”. Hy was geen verlosser nie, maar bloot 'n dienskneg. Hy pleit by die koning om die lewe van Jeremia wat hom in die put van die dood bevind het. Wanneer hy toestemming ontvang, neem hy lappe en plaas dit onder die armholtes van Jeremia om te voorkom dat die skurwe toue hom verder skaaf. Met liefde en erbarming word Jeremia van die dood gered en van sy gevangenskap bevry. Vir hom was daar redding, want die put was nog oop. Maar die graf van onse Here Jesus was toe. Hy moes self die bande van die dood verbreek en vanuit die donker dieptes van die doderyk terugklim na die lewe. Ja, Jesus het self opgestaan as triomfator oor die dood en die doderyk. Daarom kon Jeremia – en kan elkeen van ons wat deur die dienskneg van die Koning verlos is – uitjubel: “Dood waar is jou angel, doderyk waar is jou oorwinning?” Omdat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en die bande van die doderyk verbreek het, kon Jeremia van die modderput bevry word en elke ander kind van die Here van die ewige modderput van die sonde en dood verlos word. Deur Christus se opstanding kan elke uitverkorene nou saam met Hom uit die dood opklim tot die ewige lewe.

Sing: Psalm 18:2,3

Ds DL de Beer (Emeritus)